

6 September

Skrifgedeelte: Romeine 11:1-2 en 29-32
Fokusgedeelte: Romeine 11:2, 29

God laat sy kinders nie los nie

In hierdie sondige en stukkende wêreld waarin ons leef, gebeur dit somtyds dat ons verlore of verlate kan voel. Die nuusmedia oordonder ons gedurig met berigte van geweld, onrus en kriminaliteit. Dan wil sommige mense vra: Maar waar is God se invloed dan as die wêreld so lyk? As u dalk ook so dink, is dit goed dat u hierdie stukkie lees. God bly altyd regerend in beheer van sy koninkryk. Daardeur weet ons dat Hy ons altyd getrou sal versorg met dit wat ons nodig het. As die wêreld so stukkend lyk, is dit nie omdat God onttrek het of afwesig is nie, maar omdat die mense deur hul sonde van Hom af weg dwaal.

Hy laat die sonde wel toe, ook as 'n geleentheid vir ons om te midde van die chaos op Hom te vertrou en deur geloof en gebed steeds gehoorsaam aan Hom vas te hou. Daar word ook van ons verwag om oor die hoop in ons te getuig, sodat die wêreld dit kan hoor. Dalk behaal ons getuienis oor sy genadige wonderwerke in ons lewe ook 'n koerantberig en lyk ons wêreld sommer beter.

Sing: Psalm 105:1, 5

Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)